

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 63

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Gaan na jou binnekamer

"Ek bid nie meer nie!"

"Wat baat dit tog? Ek het dit self ervaar dat ek tevergeefs geleit het. As daar werklik gebedsverhoring was, moes sake anders verloop het. Nee wat, ek het my eie beskouinge oor hierdie dinge ...!"

Is dit ook u taal – die verskansing wat u om u eie hart heen gebou het, die verdediging van 'n ingeslane koers weg van God, sy kerk en die binnekamer met sy Skriflesing en gebed?

So ontstaan daar 'n leemte in die mens se lewe. Wat is hierdie gemis? Kan u die hand daarop lê? Wat soek u wat u nie kan vind nie? Waarna jaag u wat u nie kan bereik nie?

Laat ek aan u sê: dit is die lewende gemeenskap met God. Hy neem die onrus weg en maak die hart stil. Dit is waarna u soek!

En hoe sal u dit soek? Slegs deur die gebed: "Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid." (Ps. 145:18). Christus nooi u: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word." (Luk. 11:9).

So vind ons dan wel gebedsverhoring. Miskien ontvang ons nie presies die dinge waarvoor ons gebid het nie. Die hemelse Vader weet ook wat vir ons tot skade mag wees en wat ons nodig het. Streng gesien, ontvang ons meer as waarvoor ons gebid het: "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" (Luk. 11:13).

Die Heilige Gees sal u lei, vertrous en versterk – hoe donker en eensaam die pad ook al mag word – dan word die kruis sag en die las lig.

Hoor Sy roepstem: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Matt. II:28).

Doen dit... doen dit vandag nog! Gaan na u binnekamer en bid tot Hom, u Here en Verlosser wat ook aan u sê: "Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde." (Matt. 6:6).

M. W. van der Walt.

Soek u lig?

Gister weer is u omgewing geskud deur die berig van mevrou Buurman se dood. 'n Skynbaar vredeliewende dame met 'n rustige lewe agter die rug. Die dood was egter nie so vreedsaam en rustig nie – selfmoord!

Verlede maand weer het meneer So-en-So, wat laer af in die straat gewoon het, hierdie stap geneem. Skokkend, het u toe gedink. Onverantwoordelik, was die bevinding van ander. Mens neem nie jou eie lewe nie!

Mense op die kruispad

Usself op die kruispad

En tog – nou dat ú in hierdie situasie verkeer, wat grens aan wanhoop, begin u self ook aan so 'n uitkoms dink. Alles het verkeerd geloop, ideale is begrawe, toekomsplanne is tot niet. U het waarlik op die kruispad van u lewe gekom en nou is daar verskeie weë om te volg. Na links is die pad waar meneer So-en-so en mevrou Buurman se voetspore nog onmiskienbaar en vars lê. Na regs is die pad na die paradys wat drank bied — 'n skynparadys waarin u geen trek het nie. Voor u strek die pad uit wat lyk soos die pad wat agter u lê – opdraande... steil! U vermoeide liggaam kan selfs nie een tree verder op hierdie pad nie. Wat 'n keuse om te maak!

Die pad terug

Het u al daaraan gedink dat daar 'n pad terug is – die pad agter u, dat u kan omdraai, dat u die pad kan terug loop tot waar u begin het, sodat u weer kan begin? Ja, by al die moontlike paaie wat u kan loop vanaf hierdie kruispad, is daar ook hierdie pad.

Tot hier was dit 'n opdraande pad. Daarom is dit terug afdraande. U behoort gou daar te wees waar u begin het en dan kan u die pad weer aanpak.

Weer die opdraande pad?

Maar, sou u sê, dan lê die opdraande maar weer voor... die kruispad!

Nie noodwendig nie.

Hoe so? sou u vra.

As ek moet sê, dan is dit omdat u êrens op u weg die regte pad byster geraak het... die pad wat vir u bestem was. U het op uitdraaipaaie beland. Daarom die opdraande... daarom die kruispad.

Watter versekering het u dat u nie weer in dieselfde spore sal trap nie? Watter versekering dat die pad van voor af nie 'n gejaag na wind sal wees nie? Sal dit nie ook maar tevergeefs wees nie?

Geen versekering nie! Tensy... ja, tensy u op die pad terug daardie lig en lamp wat u weggegooi het, weer gaan opraap en weer gaan aansteek. Dit hét u pad verlig, maar u wou dit nie hê nie. Miskien het dit net vergete geraak... onnodig gelyk. Die pad het lig genoeg gelyk daarsonder. Tog kon u nie op die regte pad bly nie. Hierdie lig was nodig om te keer dat u op uitdraaipaaie beland... op die opdraande pad!

Wat is die lig?

Is daar êrens in u boekrak 'n Bybel? Is dit dalk vol stof weggepak in u stoorkamer? As u die

pad teruggeloop het en u het gekom tot by die Bybel — God se Woord — dan kan u eintlik maar u terugtog beëindig, want dan is u ver genoeg op die pad terug en kan u weer vorentoe kyk. Ja, dan kan u selfs weer vorentoe gaan. Moet net nie die Bybel weer neersit nie... dit weggooi nie, want dit is u Lamp! 'n Lig op die pad, 'n lamp vir die voet.

U weg sal nie weer op daardie steilte uitloop nie, nie weer daardie wanhoopskruispad bereik nie. Dit sal die plek van ontsparing duidelik aanwys en ook die regte pad vorentoe!

J. H. van der Walt.

Waarom nie kerk toe nie?

Ek verstaan jy het baie probleme.

Dit het die afgelope tyd maar sleg met jou gegaan.

Daar was baie teëspoed.

Jy weet geen raad meer nie.

Jy het geen moed meer nie.

Ek verstaan. Die lewe hou vir jou niks meer in nie. Jy het eensaam geword. Jy het nie meer ware vriende nie. Jy is diep ongelukkig. Miskien kan ek jou help. Miskien sal jy weer belangstelling kry vir die lewe rondom jou.

Jy vra wat jy moet doen?

Kyk, daar in die omgewing waar jy bly, is daar 'n hele paar kerke. Jy het seker al gehoor hoe die klokke op Sondag lui. Eerskomende Sondag sal jy hulle weer hoor en dan moet jy daarheen gaan. Dit maak nie saak as jy nie 'n pak klere het nie. Daardie broek en baadjie is heeltemal goed. Gaan kyk 'n bietjie wat daar gebeur. Miskien verstaan jy niks nie. Miskien verveel alles jou. Miskien voel jy heeltemal ontuis – uit jou plek uit. Die atmosfeer is te styf. Dit druk jou toe. Jy wil liever uit.

'n Naam

As dit so is, sal ek verstaan.

'n Mens is nie sommer tuis in 'n plek en tussen mense wat jy nie ken nie, maar ek wil jou tog vra om volgende keer te gaan. Daar by jou huis sal jy nie antwoord kry op jou probleme nie. Al verveel dit jou in die kerk. Al verstaan jy nie dadelik wat daar gebeur nie, gaan tog weer.

Die tweede keer sal dit al beter gaan. Die mense sal jou nie meer so aankyk nie. Miskien hou iemand 'n Psalmboek na jou uit. Sing dan saam of luister hoe die ander sing. Dis mooi, nie waar nie! Probeer ook luister na wat die predikant daar sê. Jy sal dalk nie alles verstaan nie, maar tog sekere dinge begryp. Jy sal hoor hy praat van iemand met die naam Jesus.

Hierdie Jesus is die oplossing vir jou probleme, maar jy moet Hom eers leer ken en daar in die kerk sal jy Hom die beste leer ken. Daar sal jy hoor van alles wat Hy gedoen het – vir die mense gedoen het. Dieselfde wil Hy ook vir jou doen. Dit is Jesus wat aan jou lig gee as die lewe donker word. Hy gee raad as jy moedeloos is. Hy dui die koers aan as jy nie meer weet waarheen nie. Hy laat jou sien wat die doel met jou teëspoed is.

My raad aan jou

Al bogenoemde dinge kan egter net gebeur as jy Hom ken. En daar is net twee maniere waarop jy Hom kan ken: deur die Bybel te lees en kerk toe te gaan. Dit is tog nie moeilik nie. Dis so 'n klein opoffering wat van jou gevra word. Dink net watter nut dit alles vir jou kan hê.

Daarom, jy sê dit gaan moeilik met jou. My raad aan jou is: waarom gaan jy nie 'n bietjie kerk toe nie! Gaan, luister! Moenie na die eerste keer wegbly nie. Miskien kry jy raad vir jou probleme.

L. D. Aucamp.

CHRISTUS ROEP JOU

Daardie trombose-aanval wat byna jou lewe geëis het, of daardie grusame ongeluk waaraan jy ter nouer nood ontkom het – was dit blote toeval? Nee, niks gebeur per toeval nie. Alles wat oor ons kom, is 'n spraak van **God**. Dit was 'n roepstem van die Here. Hy roep ook vir jou en vir my – op verskillende maniere.

Die een roep Hy deur 'n groot siekbed, die ander deur die dood van 'n geliefde, nog 'n derde deur 'n groot teleurstelling, armoede of iets soortgelyks.

Nog duideliker roep Hy ons deur sy Woord, die Bybel. Ongeveer tweeduisend jaar gelede het God sy enigste Seun na die aarde gestuur om sondaars tot bekering te roep. Hierdie Seun, Jesus Christus, roep ons vandag nog. Hy het ook gesorg dat ons die Woord van sy Vader as 'n rigsnoer vir ons lewe het. Lees gerus maar die Bybel. Daarin hoor jy die roepstem van God. Gaan weer gereeld kerk toe. Daar hoor jy van Jesus Christus wat jou roep.

'n Roepstem van liefde

Waarom roep Hy ons? Omdat Hy ons liefhet. Enige vader wat vir sy kinders omgee, sal hulle tog nie maar laat begaan nie. Daarom laat God, ons Hemelse Vader, ons ook nie op ons verkeerde paaie begaan nie. Daarom roep Hy ons telkens tot stilstand deur middel van 'n siekte of 'n ramp. Hy wil nie hê dat een van ons verlore moet gaan nie. Hy het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar wil hê dat hy hom sal bekeer en lewe.

Ja of nee?

God roep en ons moet antwoord. Ons kan nie neutraal teenoor sy roepstem staan nie. Ons moet 'n beslisse standpunt inneem. Hy verwag van ons 'n onomwonde JA of NEE. Diegene wat positief antwoord en glo in Jesus Christus, word van die ewige verderf verlos en met die ewige lewe beloon, maar op diegene wat hierdie roepstem ignoreer, bly die toorn van God.

Wat gaan jy doen as jy sy roepstem hoor? Onthou, ons het hoegenaamd geen verontskuldiging nie. God het sy Woord ook in Afrikaans laat vertaal. Ons kan dus sy roepstem hoor in ons eie moedertaal. Christus het ook sy kerk die opdrag gegee om sy Woord te verkondig en elke Sondag word hierdie opdragl uitgevoer in bykans elke dorp van ons land. Tot selfs op klein, afgesonderde plekkies kan jy Sondagoggende die kerkklokke hoor en ook weer saans. Daar is dus vir ons geen verskoning nie.

Christus roep: "Bekeer jou! Kom af van die verkeerde pad, dit is die pad van die ewige dood, die pad wat eindig in die nimmer-eindigende geween en gekners van die tande. Kom na My, die Weg, die Waarheid en die Lewe."

Daarom: "Vandag as jy sy roepstem hoor, verhard jou nie, maar neig jou oor, merk op die roep van sy ontferming." (Psalm 95)

Onthou

Nie vir altyd sal Hy roep nie. Een maal kom Hy weer om te oordeel die lewende en die dode. Daar kom ook 'n sterfdag vir jou en vir my. Dan is die tyd vir bekering onherroeplik verby. Antwoord dan op sy roep – nie môre nie! Vandag!

G. A. Hattingh.

Die dominee luister graag

U soek na die goeie in die lewe – die ware goed wat altyd standvastig sal bly.

Alle mense soek daarna. Meen u dat u dit reeds gevind het? Nee, anders sou u nie meer gesoek het nie. Baie mense hou op soek, omdat hulle meen dat hierdie "Goeie" onvindbaar is en dit is so dat min dit werklik vind. Wat is dit? Die mens vind op hierdie aarde so min onder die mens wat goed genoem kan word, maar die Bybel sê vir ons dat die Here goed is.

Psalm 34:9 lui: "Smaak en sien dat die Here goed is" en Klaagliedere 3:25: "Goed is die Here vir die wat op Hom hoop, vir die siel wat Hom soek". Die wat soek, sal vind dat die Here goed is. Hierdie waarheid kan ons net in die Bybel leer en in die kerk hoor waar dit gepreek word.

Maar daar is soveel besware! U was lanklaas in die kerk. Buitendien voel u dat die kerk vol huigelaars is. Daarom het u nie vrymoedigheid om te gaan nie.

Tog nie die Bybel nie ...

U lees ook nie gereeld die Bybel nie, want soos u dit verstaan, weerspreek die Bybel homself en dan nog die vraag: kan 'n mens werklik volgens die Bybel leef?

Ons sit vasgevang binne 'n rat waar ons elke môre opspring en jaag na die bus of trein en dan weer na die werksplek. Vanaand, moeg terug huis toe en weer jaag na 'n plek van ontspanning. Wanneer terug, sak jy moeg in die bed. Miskien is die kinders nog lastig die nag en geen slaap nie. Môre, sukkel om uit die bed te kom en weer dieselfde gejaag as gister. So is dit al die dae tot die end van die maand. Dan moet ons weer worstel met al die rekenings. Soms is daar onsekerheid oor behoud van ons werk of ons sukkel met swak gesondheid.

Oor al hierdie dinge praat die Bybel skynbaar nie; en om met mense daaroor te praat, help ook nie, want hulle weet tog nie hoe om te help nie en het buitendien hul eie probleme.

Wat van die predikant?

Het u al daaraan gedink om met 'n predikant te gaan praat? Doen dit gerus. Hy sal met graagte luister en help waar hy kan. Meen u hy is maar net 'n man wat agter 'n witboordjie wegkruip, omdat hy bang is vir die lewe? Hoe sal hy kan help, of voel u hy is ook maar 'n sondaar?

Veel hoër dinge

Ja, die dominee is ook net 'n sondaar, maar die godsdiens draai tog nie om hom nie. Dit wys op 'n veel hoër bron, naamlik die ware Goed, die God wat vol van genade en goedertierenheid is. Die dominee is toegerus om te help, sodat u dit kan vind. Hy sal nie altyd u probleme kan oplos, die siek vrou of kind genees of u help om 'n hoër salaris te verdien nie. As u met hom gaan gesels, sal hy u kan help, sodat die skynbaar 'onverstaanbare' Bybel meer duidelik is. U sal verstaan dat die gebede wat skynbaar nie verhoor is nie, wel verhoor word en u sal die kerk, die wêreld, u werk en gesin met ander oë beskou.

O, dit is so 'n genotvolle 'goed' om te vind. Wie hierdie bron van lewende water gevind het, kan soos die bedroefde en bekommerde volk in Klaagliedere 3:25 sing: "Goed is die Here vir die wat op Hom hoop ..." Ons hoef nie vir ontspanning in kroë te soek of na baie geld nie, want die Heilige Gees word in ons harte gegee!

Dit is hierdie water waarvan die dominee u kan laat drink; as u maar net met hom oor u lewe wil gaan praat.

P. Kruger.

VERSMAAIDE LIEFDE

"Groter liefde het niemand as dit nie – dat hy sy lewe vir sy vriende gee".

Lukas 15.

Medelydende liefde...

Opsoekende liefde...

Vergewende liefde...

Het iemand wat u liefhet, u al diep teleurgestel? Het iemand vir wie u bereid was om veel te offer, die rug op u gekeer, u liefde versmaai?

By ons, as mense, slaan dié liefde dan dikwels om in haat. Ons is dan selfs bereid om so iemand kwaad aan te doen waar ons vantevore vir hom of haar enige iets sou gedoen het. Ons wil dan so iemand nie weer terug ontvang nie, nie weer opsoek nie en verbreek alle kontak.

Besef u, dat u ook Iemand se liefde so versmaai en vertrap? Dat u ook die rug keer op Iemand wat bereid was om alles vir u op te offer — ja, selfs sy lewe! Sy liefde reik na u uit en tog bly dit onbeantwoord! Nou verwag ons dat sy liefde ook sal omslaan in haat, maar nee, Hy maak nog steeds met u bemoeienis — selfs ook deur hierdie skrywe. Hy laat u nie los nie.

Toe u die kerk bedank het of sommer maar net "weggeraak" het, het u sy liefde vir u versmaai. Ek praat van die liefde van Christus. Hy is egter nie bereid om u maar sommer te veroordeel, af te skrywe, die rug te keer en alle kontak met u te verbreek nie, want... Hy het u lief!

Sy liefde is in die eerste plek

medelydende liefde:

Jesus openbaar Hom met diepe medelye teenoor die sondaar. In die gelykenis van die verlore skaap sien ons die verleidende mag van die sonde. En teenoor die verleide sondaar is Jesus vervul met medelydende liefde. Die herder dink nie alleen aan die verlore skaap as sy eiendom nie maar is ook jammer vir hom. So voel Jesus ook die ellende van die verlore sondaar aan as sy eie.

Hoe ver het u van die Goeie Herder se kudde afgedwaal? Weet dan dat Hy medelye met u het, maar Hy laat dit nie daarby nie. By Hom is daar ook

QUO VADIS?

Dié twee Latynse woorde beteken "Waar gaan u heen?"

Die doel daarvan is om u 'n weg aan te dui, of beter gesê: dié Weg, Christus die Here. Mag u by die lees van die artikels in hierdie uitgawe sy stem verneem: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee".

opsoekende liefde:

Jesus laat nie maar die verlore aan sy lot oor nie. In die gelykenis van die verlore penning word hierdie opsoekende liefde pragtig geskilder — daar word gepraat van die vrou wat die penning **gesoek** het **totdat sy dit kry**. So soek Jesus ons op in ons sonde en verloreheid. Hy het neergedaal tot waar Hy ons gekry het. (2 Kor. 5:21). Hy het ons eerste liefgehad.

Maar al is die sondaar soos 'n skaap wat die Herder moet gaan haal, of 'n penning wat opgetel moet word, tog is hy ook 'n **mens** — 'n mens wat tot inkeer (tot besinning) moet

kom en hom moet bekeer (terugkeer). By sy terugkeer wag daar vergewing. Hoe mooi teken die gelykenis van die verlore seun vir ons hierdie

vergewende liefde:

Ja, vir die berouvolle sondaar is daar vergewende liefde, sodat aan die verlede nie meer gedink word nie, sodat hy weer in die volle gemeenskap van Gods huisgesin opgeneem word — sonder verwyte.

En hoeveel vreugde is daar nie in 'n huisgesin as 'n verlore broer of suster terugkeer nie! Die liefde van Christus maak dit vir u moontlik om 'n rede van groot vreugde vir die kerk te wees. Saam kan ons ons dan verlustig in die liefde van Christus.

Kom, wees saam met ons bly oor Hom wat gesê het: "Groter liefde het niemand as dit nie as dat iemand sy lewe vir sy vriende gee." En hierdie woord het Hy met die daad bevestig toe Hy Hom aan die kruis laat spyker het uit liefde vir ons; tot vergifnis van ons sonde.

Moenie hierdie medelydende, opsoekende, vergewende en opofferende liefde van die Goeie Herder versmaai nie.

Kom verheug u saam met ons hierin, somer volgende Sondag!

W. de Vos.